



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Prinses Jana en die brandweer deur Anna Emm

Op 'n dag sê Prinses Jana se juffrou, Juffrou Renate, dat hulle op 'n uitstappie na die brandweerstasie gaan. Die kinders is baie opgewonde! Prinses Jana is ook baie opgewonde. Juffrou Renate sê dat dit die brandweer se werk is om brande te blus. Sy sê hulle het groot waterpype op hulle lorries wat baie water kan spuit.

By die brandweerstasie wys die brandweerman vir die kinders die rooi lorries waarmee hulle ry. Prinses Jana klim op een van die lorries. Die lorie is rooi, en sy is baie lief vir rooi. Die lorie is ook baie groot en blink, en dit maak 'n groot geraas wanneer daar 'n brand iewers is.

Prinses Jana wil ook graag by die brandweer gaan werk wanneer sy eendag groot is. Sy wil 'n brandweervrou word. Sy wil ook 'n rooi hoed dra en teen 'n hoë leer opklim om mense uit geboue te red. Dit klink somer baie lekker!

"Kom ons speel brandweer-brandweer," sê Prinses Jana vir haar klein boetie, Regard, toe sy daardie middag by die huis kom. "Klim jy in die boom. Dan speel ons daar is 'n groot vuur onder die boom en jy kan nie afklim nie. Ek sal jou kom red."

Regard klim in die boom. Hy verbeel hom die boom is 'n hoë gebou wat aan die brand is. Prinses Jana ry op haar pienk fietsie om en om die boom. Sy verbeel haar die pienk fietsie is 'n groot, rooi brandweer-lorie. Sy ry vier en 'n half keer om die boom en maak 'n groot geraas!

"Kom haal vir julle rooi koeldrank!" roep die koningin van die stoep af. Prinses Jana sit die pienk fietsie neer en hardloop huis toe. Sy is baie dors van al die speel, en sy is baie lief vir rooi koeldrank! Nadat Prinses Jana haar koeldrank gedrink het, gaan kyk sy bietjie televisie.

"Waar is Regard?" vra die koningin vir Prinses Jana. "Het jy hom gesien?"

Nou onthou Prinses Jana dat Regard nog steeds in die boom sit! Hy speel nog steeds die boom is 'n groot gebou wat brand en hy wag nog steeds dat sy hom moet kom red! Sy het heeltemal van hom vergeet! Die koningin gaan red vir Regard uit die boom en gee vir hom twee groot glasies rooi koeldrank.

"Jy is 'n slegte brandweervrou!" raas Regard met Prinses Jana nadat hy sy koeldrank gedink het. "Ek speel nie meer saam nie."

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

Prinses Jana en die brandweer illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

**Nuus uit die kantoor:**

# **Al die Lekkerbekkie-stories nou in 'n boek beskikbaar!**

Kry hierdie heerlike A4 boek met 15 stories en inkleurprente @ slegs R60



## **Hoe om te bestel:**

Betaal die regte bedrag + R25 posgeld na ons rekening:

Anna Emm Productions, ABSA 916 338 0225, Takkode 632005 – met jou naam as verwysing.

Stuur dan jou posadres en bestelling na [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

Ons stuur vir jou die "tracking nr" vir jou pakkie sodra dit gepos is.

## **Anna Emm Productions**

021 911 5618 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

[www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)